SA AGULHAS II

# Span vertrek na basis in Antarktika



'n Ma troos haar twee kinders gister voor die *SA Agulhas II* waarop hul pa die oggend van Kaapstad na Antarktika vertrek het. 'n Span van nege Suid-Afrikaners gaan die volgende 14 maande in Antarktika deurbring en ook aan 'n internasionale ekspedisie na die Weddell-see deelneem. Foto: ADRIAN DE KOCK

## Deel van ekspedisie na die Weddell-see

**Malherbe Nienaber**

Spanlede van Suid-Afrika het gister op die *SA Agulhas II* na Antarktika vertrek waar hulle aan 'n groot ekspedisie met verskeie lande in die Weddell-see gaan deelneem.

Nomvula Mokonyane, minister van omgewingsake, het die oggend vir die span van nege Suid-Afrikaners sterkte toegewens met dié reis, waarna hulle 14 maande in die navorsingbasis van die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie gaan deurbring.

Die span gaan data oor die temperatuur van die seeoppervlak en vlakke van suurstof en koolstofdioksied op lang termyn insamel, onder meer om klimaatsverandering beter te verstaan en by te dra tot navorsing.

Daarby gaan die navorsingskip die *SA Agulhas II* deel wees van die "historiese" internasionale ekspedisie na die Weddell-see, wat kenners uit verskeie vakgebiede insluit.

Dit sal oor 45 dae in Januarie en Februarie 2019 plaasvind om afgeleë dele van die see te verken en data in te samel vir die bewaring van die gebied, sowel as om die uitwerking van klimaatsverandering beter te verstaan.



**Nomvula Mokonyane**

Navorsers sal onder meer die natuurlewe en omgewing bestudeer, sowel as die bodem van die see en die gedeeltes onder die ysbank.

Duikbote wat met afstandbeheer werk is saam op die *SA Agulhas II* vir dié ekspedisie geneem.

Afhangend van die toestand van die ysbank, sal dié vaartuie gebruik word om die wrak van sir Ernest Shackleton se skip *Endurance* te vind en 'n opname daarvan uit te voer. Dié skip het in 1915 in die Weddell-see onder die ys verlore gegaan.